4 LIBIË

Bid vir Libië

- Bid vir Libiese gelowiges wat onder erge druk is, veral dié wat weens hulle geloof in hegtenis geneem is. Bid vir hulle beskerming en vrylating.
- Bid vir dié wat aan bewind in Libië is. Bid vir vrede en stabiliteit, en vir ŉ einde aan die voortdurende burgeroorlog. Jare van anargie en ŉ magstryd het baie lewens gekos en hoop vir die toekoms verwoes, en Christene en ander minderhede baie kwesbaar gelaat.
- Bid vir nuwe bekeerlinge wat gedoop is. Bid dat hulle ŉ groep gelowiges sal vind om by aan te sluit – en verheug sal wees omdat hulle Jesus gevind het.

"Die familie sal probeer om die persoon met fisiese geweld te forseer om na Islam terug te keer.. Wanneer die Christen weier, sal hulle heeltemal van die familie en die gemeenskap afgesny word. Sommiges word daarvan aangekla dat hulle vir die CIA werk, omdat hulle 'n Westerse geloof volg. Verskeie Christene word so gedreig dat hulle uit Libië moet vlug om hulle lewens te behou."-Charley*

WWL 2021

Totale punte	Druk	Geweld
92%	94%	74%

WIL JY MEER WEET?

Streek
Noord-Afrika

Bevolking
6 662 000

Christelike bevolking
34 500 (0,5%)

Meerderheidsgeloof
Islam

Bronne van vervolging
Islamitiese onderdrukking, Georganiseerde korrupsie en misdaad, Clan-onderdrukking.